

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



**SA EXAM  
PAPERS**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V2**

**NOVEMBER 2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 30**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
AFDELING A: Gehoor (8)  
AFDELING B: Herkenning van Musiekkonsepte (14)  
AFDELING C: Vorm (8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2 en VRAAG 6 is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord ook VRAAG 3 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)) **ÓF** VRAAG 4 (JAZZ) **ÓF** VRAAG 5 (Westerse Kunsmusiek (WKM)).
4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal afgelê word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat MAG NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

*Nota aan nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie.*

**AFDELING A: GEHOOR (Verpligtend)**

**VRAAG 1**

1.1 Noteer die ritme van die note wat in maat 2 tot 3 hieronder weggelaat is.

**Antwoord:**

1/2 1/2 1/2 1/2 1/2 1/2

The musical notation shows a staff with a treble clef and a time signature of 6/8. There are four measures. The first measure contains six eighth notes: G4, A4, B4, C5, B4, A4. The second measure contains six eighth notes: G4, A4, B4, C5, B4, A4. The third measure contains six eighth notes: G4, A4, B4, C5, B4, A4. The fourth measure contains six eighth notes: G4, A4, B4, C5, B4, A4. There are rests above the staff in the second and fourth measures, indicating where the rhythm to be noted is missing.

1/2 punt per noot soos aangedui (3)

1.2 Noteer die note wat by (A) en (B) weggelaat is.

**Antwoord:**

(A) (B)

The musical notation shows a staff with a treble clef, a key signature of one sharp (F#), and a time signature of 3/4. The notes are: C4, D4, E4, F#4, G4, A4, B4. There are brackets above the staff labeled (A) and (B) pointing to the first and fourth notes respectively, indicating where the notes to be noted are missing.

Toonhoogte en ritme moet korrek wees: 1/2 punt x 2 (1)

**[4]**

**VRAAG 2**

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van elk van die volgende TWEE uittreksels.

2.1.1 **Antwoord:** Onderbroke 1 punt (1)

2.1.2 **Antwoord:** Plagaal 1 punt (1)

2.2 Identifiseer TWEE prominente komposisietegnieke in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Herhaling
- Sinkopasie
- Melodiese variasie
- Herhaalde akkoorde in die begeleiding
- Harmoniese variasie

*Enige TWEE* (2)

2.3 Beantwoord die vrae wat volg deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

2.3.1 Identifiseer die genre/styl van hierdie uittreksel.

Bebop	<del>Blues</del>	Ragtime	Dixieland
-------	------------------	---------	-----------

**Antwoord:** Blues 1 punt (1)

2.3.2 Watter term beskryf die ritmiese gevoel in hierdie uittreksel die beste?

Onreëlmatig	Vaste ritme	<del>Swing</del>	Poliritmies
-------------	-------------	------------------	-------------

**Antwoord:** Swing 1 punt (1)

2.3.3 Watter term beskryf die gebruik van ritmiese tekstuur die beste?

Onreëlmatige ritme	<del>Poliritmies</del>	Monoritmies	Vrye ritme
--------------------	------------------------	-------------	------------

**Antwoord:** Poliritmies 1 punt (1)

2.3.4 Watter EEN van die volgende beskryf die tydmaatteken?

Eenvoudige vierslagmaat <b>4</b>	<del>Saamgestelde tweeslagmaat <b>6</b></del>	Saamgestelde drieslagmaat <b>9</b>
	<b>8</b>	

**Antwoord:** Saamgestelde tweeslagmaat 1 punt (1)

(8 ÷ 2) **[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 8**

**ADELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**

**Beantwoord VRAAG 3 (IAM)  
OF VRAAG 4 (JAZZ)  
OF VRAAG 5 (WKM).**

**VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg.

*Nota aan die nasiener: indien 'n kandidaat meer items aandui as wat versoek word, sal net die eerste aantal antwoorde wat verlang is, nagesien word.*

- 3.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
SATB	X
Majeur tonaliteit	X
Cothoza	
TTBB	
A cappella	X
Improvisasie	
Akkoordsiklus	X
Izibongo	

3 x 1
-------

(3)

- 3.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 11 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Mineur toonsoort	
Konsertina	X
Enkelparty-tekstuur	
Herhalende begeleiding	X
Stygende melodiese sekwense	
Uhadi-begeleiding	
Twee-akkoord-siklus	X
Lofdigte	X

3 x 1
-------

(3)

3.3 Identifiseer die DRIE kenmerke (3.3.1 tot 3.3.3) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

**Antwoord:**

- 3.3.1 Vokale tegniek:                      • Ululasie
- 3.3.2 Komposisietegniek:                • Roep-en-antwoord/oorvleueling  
     • Herhaling/imitasie/nabootsing  
     • Sikliese akkoordpatroon as antwoord op die roep  
     • Kruisritmes
- 3.3.3 Aërofoon:                              • Fluitjie

3 x 1
-------

(3)

3.4 Vergelyk die TWEE uittreksels na aanleiding van die eienskappe hieronder. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

EIENSKAP	SNIT 13	SNIT 14
<b>Vokale tegniek</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Krepitasie</li> <li>• Sleepsang/glysang</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Umngqokolo</li> <li>• Botoonsang</li> </ul>
<b>Harmonie (Akkoorde)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Meestal primêre drieklanke (meestal majeur akkoorde)</li> <li>• Akkoordsiklus</li> <li>• Dalende parallelle beweging</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Akkoorde is die gevolg van klankkonstruksie in lae/vlakke</li> <li>• Twee-akkoord siklus</li> </ul>

<i>Enige EEN korrekte feit per blokkie x 4</i>
--

(4)

- 3.5 Beskryf EEN eienskap van die tekstuur en EEN eienskap van die begeleiding vir elke uittreksel. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

SNIT	TEKSTUUR	BEGELEIDING
<b>Snit 15</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Homofonies/akkoordmatig</li> <li>• Digte koorklank/TTBB wat afwissel met 'n solostem</li> <li>• Roep-en-antwoord</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geharmoniseerde agtergrondsang</li> <li>• Kitaar speel in 'n tokkelstyl</li> <li>• Tromstel verskaf ritmiese voortstuwing</li> <li>• Herhalende akkoordsiklus</li> <li>• Baskitaar omlyn die akkoordprogressie</li> <li>• Baskitaar verdubbel die basstemparty</li> </ul>
<b>Snit 16</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oorvleueling</li> <li>• Lae/vlakke van musiek</li> <li>• Digte tekstuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Umngqokolo sanger(s)</li> <li>• Kruisritme deur skudkoker</li> <li>• Tik/slaan van uhadi-snaar</li> <li>• Fluitagtige teenmelodie/fluitagtige klank</li> <li>• Herhalende akkoordsiklus</li> </ul>

*Enige EEN korrekte feit per blokkie x 4*

(4)

- 3.6 3.6.1 Noem die styl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:** Malombo

*1 punt*

(1)

- 3.6.2 Beskryf die eienskappe van direto/izibongo in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Die uitvoerder sê sy eie name op van wie geprys word
- Hy praat bo-oor die instrumentale begeleiding
- Gebruik 'n vorm van spraaksang
- Daar is geen enkele, konstante melodiese verloop – toonhoogtes word deur gesproke teks bepaal (meloritmies)
- Daar word in 'n flink tempo gepraat
- Die lofsang sentreer rondom die dominantnoot
- Beeldspraak word gebruik

*Enige DRIE*

(3)



3.6.3 Noem SES instrumente van die begeleidingsorkes in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

Afrika-trom  
Tromstel  
Skudkoker(s)  
Ritmestokkies  
Elektriese kitaar  
Baskitaar  
Fluit  
Koedoe-horing (Lenaka)

*Enige SES x ½ punt* (3)

3.7 Noem die styl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:** Maskanda

*1 punt* (1)

3.8 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Vokale glysang/sleepsang	X
Herhaalde vokale frases	X
Isicathamiya	
Sanger beweeg van sang na spraak	X
Ululasie	
Izibongo	X
Begeleiding deur vroulike vokale ensemble	
Ukuvamba deur die hoofkitaar	

*3 x 1* (3)

(28 ÷ 2) **[14]**

**OF**

**VRAAG 4: JAZZ**

Luister na die onderstaande snitte en beantwoord die vrae wat volg.

- 4.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek van Snit 20 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

<b>KOLOM A</b>	<b>ANTWOORD</b>
Gedempte trompet speel die melodie	<b>X</b>
Saksofoon en tromboon speel 'n harmoniese vamp	
Akkoordsiklus	<b>X</b>
Blues	<b>X</b>
Tremolo-kitaar	
Big Band	
Saamgestelde tweeslagmaat	<b>X</b>
Bebop	

3 x 1

(3)

- 4.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek van Snit 21 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

<b>KOLOM A</b>	<b>ANTWOORD</b>
Idiofone en membranofone	<b>X</b>
Gesinkopeerde melodielyn op vibrafoon	
Onreëlmatige aksente op die marimba	<b>X</b>
Klavier	<b>X</b>
Begeleiding deur die strykers	
Melodie in majeur toonsoort op elektriese kitaar	<b>X</b>
Eenvoudige drieslagmaat	
Monofoniese tekstuur	

3 x 1

(3)

4.3 Beskryf die DRIE kenmerke (4.3.1 tot 4.3.3) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

**Antwoord**

- 4.3.1 Instrumentale begeleiding:
- Kitaar – reëlmatige 'strumming' van akkoorde (harmoniese en ritmiese funksie)
  - Tromstel – gebruik meestal borsels om maatslag aan te dui (ritmiese funksie)
  - Klarinet – omlin die akkoordprogressie; verskaf 'n teenmelodie en melodiese opvulmateriaal
  - Sikliese akkoordstruktuur word deur die kitaar en klarinet verskaf
  - Kontrabas omlin die harmonie
  - Kontrabas speel 'n lopende bas (walking bass)
- 4.3.2 Inleiding:
- Klarinet begin met die melodie, gevolg deur die kitaar en tromstel
- 4.3.3 Tekstuur:
- Homofonies
  - Roep-en-antwoord

3 x 1
-------

(3)

4.4 Vergelyk die TWEE uittreksels na aanleiding van die musiekelemente hieronder. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

Element	SNIT 23	SNIT 24
<b>Harmonie</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sikliese akkoordprogressie</li> <li>• Twee-akkoord patroon (i-VII)/(I-ii)</li> <li>• Harmoniese ostinato</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sikliese akkoordprogressie</li> <li>• Vier-akkoord patroon               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ (I-IV-I<sup>6</sup><sub>4</sub>-V)</li> <li>○ (I-ii<sup>6</sup>-I<sup>6</sup><sub>4</sub>-V)</li> </ul> </li> </ul>
<b>Ritme</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Herhaling van 'n komplekse gepunteerde ritmiese patroon</li> <li>• Ritmiese lae/vlakke (klavier en tromme)</li> <li>• Ritmiese ostinato</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Herhalende skiffle-agtige ritme</li> <li>• Twee duidelik gedefinieerde ritmiese motiewe</li> <li>• Uitgebreide aanwending van sinkopasie</li> <li>• Saksofoon en kitaar/banjo het afsonderlike ritmiese materiaal</li> </ul>

Enige EEN korrekte feit per blokkie x 4
---

(4)

4.5 Beskryf TWEE kenmerke van die melodie vir ELKE uittreksels. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

SNIT	MELODIE
<b>Snit 25</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Melodie gesing deur 'n manstem</li> <li>• Vokale frase word drie keer herhaal</li> <li>• Klein variasie in die derde herhaling</li> <li>• Melodie gebaseer op 'n natuurlike mineur toonleer</li> <li>• Melodie het 'n noue omvang (majeur 6<sup>de</sup>)</li> <li>• Elke frase eindig met 'n dalende sleepsang/glysang</li> <li>• Gesinkopeerde melodie</li> </ul>
<b>Snit 26</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Alt)saksofoon melodie</li> <li>• Begin met 'n herhalende melodiese frase (vier keer)</li> <li>• Dit word gevolg deur 'n antwoord-frase met nuwe materiaal (drie keer)</li> <li>• Beide frases is in 'n majeur toonsoort</li> <li>• Uittreksel eindig met 'n triller</li> <li>• Bestaan uit twee motiewe wat herhaal word</li> <li>• Hoogs gesinkopeerde melodie</li> <li>• Die antwoord-frase (2<sup>de</sup> frase) bevat 'n dalende sekvens</li> </ul>

2 x 2

(4)

4.6 4.6.1 Noem die styl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:** Marabi

1 punt

(1)

4.6.2 Beskryf die gebruik van melodie in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Pentatonies van aard
- Herhalende motiewe
- Dalende melodiese tendens
- Sekwensiële karakter

Enige DRIE

(3)

4.6.3 Beskryf die funksie van die klarinet in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Speel die melodie in die inleiding
- Speel 'n teenmelodie dwarsdeur die uittreksel
- Speel melodiese opvulmateriaal tussen vokale frases

Enige EEN

(1)

- 4.6.4 Behalwe die klarinet, noem VIER ander instrumente van die begeleidingsorkes in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

Ritmekitaar  
 Klavier  
 Tromstel  
 Snaartrom  
 Kontrabas  
 Banjo

$4 \times \frac{1}{2}$  (2)

- 4.7 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Saksofoon en fluitinleiding	
Big band	
Bebop	X
12-maat-blues	X
Kort onreëlmatige frases	X
The Jazz Pioneers	
Trompet	X
Lopende bas ('Walking bass')	X

$3 \times 1$  (3)

- 4.8 Identifiseer die tydmaatteken in hierdie uittreksel.

**Antwoord:** Eenvoudige vierslagmaat ( $\frac{4}{4}$ )

$1 \text{ punt}$  (1)

$(28 \div 2)$  [14]

OF

**VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

Luister na die onderstaande snitte en beantwoord die vrae wat volg.

- 5.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek van Snit 31 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Simfonies	X
Stringendo	
Allegro	X
Romantiese periode	
Strykorkes	
Tweede tema in majeur toonsoort	X
Concerto	
Klassieke periode	X

3 x 1

(3)

- 5.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek van Snit 32 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Pesante	X
Impressionistiese periode	
Inleiding deur koperblasers	
TTTB	
Sinkopasie in melodielyn	X
Orkestrale tutti	X
Fortissimo inleiding	X
Melismas	

3 x 1

(3)

5.3 Beskryf DRIE kenmerke (5.3.1 tot 5.3.3) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

**Antwoord:**

- 5.3.1 Mees prominente komposisiekenmerk:
- Pedaalpunt
  - Herhaling van dieselfde noot
- 5.3.2 Romantiese kenmerk:
- Cantabile melodie met gebroke-akkoord begeleiding
  - Ekspressiewe melodie
  - Rubato
- 5.3.3 Frases:
- Reëlmatige (4-maat/2-maat)
  - Simmetriese/gebalanseerde frases
  - Twee eenderse frases (variasie in die tweede)
  - Eerste frase eindig met 'n onvolmaakte kadens
  - Tweede frase eindig met 'n volmaakte kadens
  - Derde frase het nuwe melodiese materiaal

3 x 1
-------

(3)

5.4 Beantwoord die volgende vrae.

5.4.1 Vergelyk die TWEE uittreksels na aanleiding van die musiekelemente gegee. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

ELEMENT	SNIT 34	SNIT 35
<b>Tydmaat-teken</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vierslagmaat</li> <li>• Tweeslagmaat</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vierslagmaat</li> <li>• Tweeslagmaat</li> </ul>
<b>Tekstuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Homofonies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Polifonies</li> <li>• Kontrapuntaal/fugaal</li> <li>• Gebruik van imitasie/nabootsing</li> </ul>

<i>Enige EEN korrekte feit per blokkie x 4</i>
--

(4)

- 5.4.2 Vergelyk die TWEE uittreksels na aanleiding van die musiekelemente gegee. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

ELEMENT	SNIT 36	SNIT 37
<b>Stemming</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Majestueus en groots</li> <li>• Ernstig en formeel</li> <li>• Statig</li> <li>• Plegtig</li> <li>• Grave/Largo</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onrustige en ratse karakter</li> <li>• Ingewikkeld/kompleks</li> <li>• Uitgebreed</li> <li>• Senuweeagtige energie</li> <li>• Agitato/Energico/ Con brio</li> </ul>
<b>Artikulasie</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Meestal legato</li> <li>• Beklemtoonde akkoorde (sfp) tussen melodiese seksies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Meestal staccato/non-legato/los-van-mekaar</li> </ul>

*Enige EEN korrekte feit per blokkie x 4* (4)

- 5.5 5.5.1 Noem die karakter wat in hierdie uittreksel sing.

**Antwoord:** Papageno 1 punt (1)

- 5.5.2 Noem die stemtipe wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:** Bariton 1 punt (1)

- 5.5.3 Identifiseer die houtblaasinstrument met 'n hoë toonhoogte wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:** Piccolo/panfluit/houtfluit 1 punt (1)

- 5.5.4 Beskryf kortliks die begeleiding van hierdie aria.

**Antwoord:**

- Strykers en houtblaas begeleiding
- Houtblasers speel saam met strykers elke twee mate
- Ligte en karige tekstuur
- Gevarieerde artikulasie (staccato en legato)
- Toonleeragtige passasies in die piccolo
- Sagte dinamiese vlak aan die begin
- Crescendo teen die einde van die uittreksel
- Hoë strykers verdubbel die melodie
- Eenvoudige harmoniese progressie word deur die begeleiding verskaf
- Gebroke-akkoord begeleiding in die lae strykers

*Enige EEN* (1)



- 5.6 Kies DRIE stellings in KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Tema aanvanklik deur die tjello's gespeel	X
Motiewe deur die lae houtblasers gespeel	
Cantabile-melodieë	X
Mineur tonaliteit	
Klarinet en hobo speel solopassasies	
Rustige seksie	X
Kodetta-seksie	
Viole speel die tema die tweede keer	X

3 x 1

(3)

- 5.7 Beskryf die melodie van die uittreksel.

**Antwoord:****Melodie**

- (Legato) aanvang (4-maat) frase gespeel deur die solo klarinet
- (Legato) antwoordfrase (4-mate) gespeel deur die solo Franse horing wat die Alpe-horing naboots
- Horing antwoord die klarinet se roep
- Gebroke akkoorde, majeure tweede omkering akkoord herhaal in die klarinet
- Die horing se antwoordfrase bestaan uit rein oktaaf- en kwint-intervalle
- Melodie dien as 'n skakel tussen die twee bewegings
- Melodie wek 'n pastorale stemming
- Jodeltema/volkswysie-karakter

Enige DRIE

(3)

- 5.8 Beskryf die begeleiding in hierdie uittreksel.

**Antwoord:****Begeleiding**

- Lae strykers (altviool/tjello/kontrabas) speel 'n pedaalpunt
- Horing word deel van die begeleiding met lang aangehoue note
- Geleidelike crescendo teen die einde van die uittreksel
- Aanvanklike aangehoue akkoorde word gevolg deur gebroke-akkoord patroon/stadige tremolo-patroon
- Pizzicato in die kontrabas
- Die horing versterk die dominant-tonika harmonie aan die einde van frases
- Stadige tremolo in die hoë strykers in die tweede deel van die uittreksel

Enige EEN

(1)

(28 ÷ 2 =)

[14]

**TOTAAL AFDELING B:****14**

**AFDELING C: VORM (Verpligtend)**

**VRAAG 6**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

**Moderato con moto**

S.J. Khosa

**Doh is A** | s : m ., s | f : r ., f | m : d ., m | r :- | s : m ., s | f : r ., f | m : s ., m | r :-

Soprano 1

Soprano 2

Alto

5 | d : s ., d | r : s ., r | m : d ., l | f :- | m : d ., l | r : t | d : d | - :

S.

S.

A.

9 | l : f ., l | s :- | m : d ., m | r :- | d : s ., d | r : s | m : m | - :

S.

S.

A.

13 | s : m ., s | f :- | m : d ., m | r :- | m : d ., l | r : t | d :- | - : **Fine**

S.

S.

A.

17

S. | s ., s : s . s | . s , s : s . s | . l : s . l | s : m | r ., f : - . f | - : r . t | d ., m - . m | - :  
 S. | m ., m : m . m | . m , m : m . m | . f : m . f | m : d | t ., r : - . r | - : s . f | s ., d - . d | - :  
 A. | d ., d : d . d | . d , d : d . d | . d : d . d | d : s | s ., s : - . s | - : f . r | m ., s : - . s | - :

**D.C. al Fine**

21

S. | s ., s : s . s | . s , s : s . s | . l : s . l | s : m | r ., f : - . f | - : r . t | d ., m - . m | - :  
 S. | m ., m : m . m | . m , m : m . m | . f : m . f | m : d | t ., r : - . r | - : s . f | s ., d - . d | - :  
 A. | d ., d : d . d | . d , d : d . d | . d : d . d | d : s | s ., s : - . s | - : f . r | m ., s : - . s | - :

6.1 Noem die algehele vorm tipe van hierdie stuk.

**Antwoord:** ABA/Drieledige vorm/ABCAB

1 punt

(1)

6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.1 deur 'n skematiese uitleg van die vorm te verskaf. Skep rye in die tabel hieronder en dui ELKE seksie met sy ooreenstemmende maatnommers aan.

**Antwoord:**


SEKSIES	MAATNOMMERS
A ½ (a + b)	1 – 16 ½ (1-8 + 9-16)
B ½ (c + c)	17 – 24 ½ (17-20 + 21-24)
A ½ (a + b)	1 – 16 ½ (1-8 + 9-16)

**OF**

SEKSIES		MAATNOMMERS	
A	½	1 – 8	½
B		9 -16	
C	½	17 – 24	½
A	½	1 – 8	½
B		9 - 16	

3 punte

(3)

6.3 Noem TWEE maniere waarop die ritmiese motief,  in hierdie uittreksel gebruik word.

**Antwoord:**

- Die ritme van die motief word herhaal
- Die motief word sekvensieel aangewend
- Die intervalle van die motief (melodie) word gevarieer

**Enige TWEE**

(2)

6.4 Noem die prominente ritmiese kenmerk wat in maat 19 tot 20 gebruik word.

**Antwoord:** Sinkopasie/gepunteerde ritme

**1 punt**

(1)

6.5 Skryf die betekenis van *D.C. al Fine* in Afrikaans.

**Antwoord:**

Gaan terug na die begin (D.C) en speel tot by die woord, Fine.

**1 punt**

(1)

**TOTAAL AFDELING C:**  
**GROOTTOTAAL:**

**8**  
**30**